

TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: NG Kerk Burgersdorp

Sinode: NG Kerk in Oos-Kaapland

Belangrik

1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepsgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan:** Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit **hierdie terugvoervorm** en die meegaande boekie, **Konsultasie oor Kerkhereniging**, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle

[Merk al die blokkies wat van toepassing is]

- Kerkraad
- Wyke
- Kleingroepe
- Lidmate: byeenkoms
- Lidmate: individueel
- .. Ander:

270 van die 700 belydende lidmate het aan die konsultasieproses deelgeneem. Dit gee 'n persentasie van 39%.

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?

- Ja, die Kerkraad en dienswerkers het afskrifte gehad, dit is by geleentheid voorgelees en dit was by die Kerkkantoor tot almal se beskikking.
- Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?

Mening oor die voorstel?

- Daar is konsensus onder die lidmate dat Belhar nie 'n voorwaarde vir kerkeenheid moet wees nie.
- Dertig lidmate het die 6 punte van die konfessionele basis positief aanvaar.
- Punt 1-4 van die konfessionele basis word deur verskeie lidmate aanvaar.
- Dit blyk egter dat die posisie van Belhar onduidelik is. By punt 1 word genoem dat Belhar nie 'n voorwaarde vir kerkeenheid is nie, maar onder punt 6 word die groei na 'n volle aanvaarding van Belhar, tog as 'n integrale deel van die prosesse van die nuwe kerkverband gesien.
- Punt 5 word in beginsel bevraagteken en punt 6 is onaanvaarbaar. In die lig hiervan is lidmate van mening dat hierdie twee punte geskrap moet word.
- Verskeie lidmate vereenselwig Belhar met 'n sterk politieke agtergrond en sien dit as 'n Politieke Bevrydingsteologie dokument. Vanweë die woordspeling in Belhar is die huidige formaat as vierde Belydenisskrif onaanvaarbaar.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

- Indien Belhar nie verander kan word nie moet 'n totaal nuwe Belydenisskrif vir die herenigde Kerk saamgestel word.
- Die drie Belydenisskrifte van die NG Kerk word gehandhaaf.

Nuwe/ ander voorstelle?

- Belhar moet hersien word, aangesien daarin spesifiek na uitsluitings op grond van ras en kleur verwys word. Alle gelowiges behoort in 'n Belydenisskrif ingesluit te word aangesien dit onvanpas is om na ras en kleur te verwys. Maak slegs van positiewe leerstellings gebruik.
- Belhar het nie 'n plek as Belydenisskrif in die erediens nie. Dit kan in belydenisklasse en in die gemeente bespreek word, sodat ons en ons kinders kan kennis dra van ons kerkgeskiedenis en waar Belhar inpas.

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

- Daar is 'n aantal lidmate wat saamstem met al die punte (1 tot 12). Hulle het wel bedenkinge oor die regsposisie van die gemeente indien die gemeentes, Ringe en Streeksinodes in een Kerkverband georganiseer word.
- Verskeie lidmate het 'n probleem met slegs die een model wat op die tafel is. Daar moet gekyk word na alternatiewe modelle ten opsigte van eenheid en samewerking.
- Gemeentes moet hul eie identiteit behou, en moenie deur kultuur-, taal- en agtergrondverskille vernietig word nie.
- Sestig lidmate is positief aangaande 'n nuwe Algemene Sinode waarin gelyke verteenwoordiging weerspieël word.
- Honderd een-en-twintig lidmate is nie ten gunste van 'n nuwe Algemene Sinode en Kerkhereniging nie. Oorheersing in die toekoms word gevrees. Wantroue is 'n probleem wat voortspuit uit ons politieke bestel, regstellende aksie en grondhervorming.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

- Die algemene gevoel is dat die proses nie afgedwing moet word nie, maar spontaan moet ontwikkel. Hierdie gemeente is oop vir enige persoon om lidmaat te word. Die enigste vereiste is geloof in God Drie-enig.

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

- Oor die algemeen word daar saamgestem met die verskillende punte.
- Kommunikasie, interaksie, byeenkomste en gesamentlike projekte is noodsaaklik vir die groei van gelowiges in hul verskillende verhoudings.
- Projekte moet plaaslik geïnisieer word en nie deur meerdere vergaderings afgedwing word nie.
- Sekere lidmate is nog nie gereed vir gesamentlike projekte nie.
- Lidmate wil in die ere diens in hul eie taal bedien word.
- Onsekerheid oor die bestuur van finansies is vir talle lidmate 'n probleem.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

- Sekere lidmate het 'n probleem met punt 1. Die bewoording dra die boodskap oor dat dit afgedwing gaan word.
- Wie gaan al die navorsing en hierdie veranderinge finansier?

Nuwe/ ander voorstelle?

- Verteenwoordigers van die verskillende gemeentes op plaaslike vlak moet saamkom, behoeftes bepaal en aksieplanne in werking stel.
- Spesiale gesamentlike fondsinsamelings vir sekere projekte, gebedsgroepe en spesiale dienste moet geskied.

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

- Die voorstelle word oor die algemeen positief aanvaar.
- Dien die Here soos Hy dit wil hê en nie soos die mens dit wil hê nie.
- Die Here is in beheer. Voor Hom moet elke gelowige buig en aan Hom gehoorsaam wees.
- Leef in afhanklikheid van die Here.
- Daar is by verskeie lidmate 'n behoefte om te weet hoe die ander kerke se lidmate oor hierdie proses voel.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Geen verdere kommentaar nie.

Nuwe/ ander voorstelle?

- Persoonlike kontak met gelowiges van ander kerke is belangrik om mekaar beter te leer ken. Dit kan lei tot groter onderlinge begrip, aanvaarding en vertrouwe.
- Die Here moet ons denke verander en ons help om mekaar lief te hê. God sal die nodige voorsien. Vertrou op God vir die pad wat voorlê.
- 'n Groep lidmate belowe hul volle ondersteuning in hierdie proses. Geloof, wysheid, sterkte en geduld word die leiers toegebied.

F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

Die oorgrote meerderheid is van mening dat die naam NG Kerk moet bly.

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Netelige, emosionele sake soos hierdie moet liefsvroeër in die jaar hanteer word.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055